

1 September 2021

2 Korintiërs 5:11-21

Oordenking: Nuwe mense in Christus. (2 Korintiërs 5:16, 17)

Christene is van binne splinternuwe mense. Die Heilige Gees gee vir hulle 'n nuwe lewe en hulle is nooit weer dieselfde nie. Ons word nie net verander of heronderrig nie - ons is nuwe mense wat as een met Christus leef. Ons slaan nie net 'n nuwe blaadjie om nie; ons begin 'n nuwe lewe onder 'n nuwe Meester. Hierdie aanhoudende proses van herskepping deur die krag van die Heilige Gees, is deel van die Christelike lewe. Ons word geleidelik ten opsigte van ons gedagtes, gesindhede en optrede, meer soos Jesus Christus.

2 September 2021

2 Korintiërs 6:1-13

Oordenking: Staan vas in die geloof. (2 Korintiërs 6:8-10)

Watter verskil maak dit nie om Jesus te ken nie! Hy kan enige situasie omkeer en vir ons sorg, wat die wêreld ook al mag dink. Christene hoef nie aan die openbare mening of druk toe te gee nie. Paulus was getrou aan God of die mense hom nou verwerp of geprys het. Hy was aktief, tevrede en bly, selfs in die moeilikste omstandighede. Moenie toelaat dat omstandig hede of ander mense se verwagtinge jou oorheers nie. Staan vas vir God en moenie toegewings maak wanneer dit by Sy lewensstandaarde kom nie.

3 September 2021

2 Korintiërs 6:14-18

Oordenking: Moenie een word met ongelowiges nie. (2 Korintiërs 6:14-17)

Paulus het die gelowiges ernstig vermaan om nie bindende verhoudings met ongelowiges aan te gaan nie, omdat dit hulle Christelike toewyding, integriteit of standaard kon benadeel. Hy het reeds vroeër gesê dat dit nie beteken dat ons niks met ongelowiges te doen moet hê nie. Ons is juis geroep om die evangelie te bring aan ongelowiges. Paulus wou hê dat die gelowiges aktief vir Christus moes getuig onder die ongelowiges, maar hulle moes nie persoonlik of op sakegebied so betrokke raak by daardie mense dat dit hulle geloof in gevaar kon stel nie. Net soos mense in die sakewêreld moet waak teen teenstrydige belange, net so moet Christene waak teen situasies waarin hulle gedwing kan word om verdeelde lojaliteit aan die dag te lê.

4 September 2021

2 Korintiërs 7:1-16

Oordenking: Stel jou foute reg. (2 Korintiërs 7:11)

Dit is moeilik om te moet hoor dat ons sonde gedoen het, en nóg moeiliker om van die sonde ontslae te raak. Paulus het die Korintiërs geprys omdat hulle 'n moeilike situasie uitgestryk het. Is jy dalk geneig om 'n verdedigende houding aan te neem wanneer jy gekonfronteer word? Moenie toelaat dat hoogmoed jou daarvan weerhou om jou sondes te bely nie. Aanvaar konfrontasie as iets waardeur jy kan groei en doen alles in jou vermoë om die foute waarvan jy bewus gemaak is, reg te stel.

5 September 2021

2 Korintiërs 8:1-15

Oordenking: Christus het ter wille van ons arm geword. (2 Korintiërs 8:9)

Die kerk van Korinte het geld gehad, en Paulus het hulle gedaag om, net soos die kerke van Masedonië, vir die Christene in Jerusalem te gee. Ons sien hier vier beginsels van gee: (1) 'n mens se gewilligheid om met blydschap te gee is belangriker as die bedrag wat jy gee; (2) 'n mens moet poog om al sy finansiële verpligtinge na te kom; (3) as 'n mens vir mense wat dit nodig het gee, sal hulle jou weer help wanneer jy hulp nodig het; (4) om te gee moet 'n natuurlike reaksie wees - moenie gee omdat jy dalk iets kan terugkry nie. Die manier waarop jy gee weerspieël jou toewyding aan Christus. Hierdie beginsels geld, wat jou finansiële posisie ook al mag wees.

6 September 2021

2 Korintiërs 8:16-24

Oordenking: Titus 'n ware dissipel. (2 Korintiërs 8:16)

Titus was 'n ware dissipel van Christus. Hy was gretig om te dien, die groei van ander het hom baie bly gemaak, hy het integriteit gehad, hy was 'n dienskneg en hy was besorg oor die behoeftes van ander mense. Volg Titus se voorbeeld na en word, soos hy, al hoe meer soos Christus. Dit is die soort eienskappe wat ware Christenleiers moet hê.

7 September 2021

2 Korintiërs 9:1-15

Oordenking: God het die blymoedige gewer lief. (2 Korintiërs 9:6-8)

Mense wat bang is dat hulle nie genoeg vir hul eie behoeftes sal oor hê nie, is huiwerig om vir God se werk te gee. Paulus gee vir die Korintiërs die versekering dat God in staat is om in hulle behoeftes te voorsien. Die mens wat net 'n bietjie gee, sal min terugkry. Moenie toelaat dat 'n gebrekkige geloof jou daarvan weerhou om vryelik en met oorgawe, uit liefde en besorgdheid vir ander en die behoefte om God se Koninkryk uit te bou, te gee nie.

8 September 2021

2 Korintiërs 10:1-18

Oordenking: God se magtige wapens. (2 Korintiërs 10:3-6)

Die Christen moet besluit wie se wapens hy gaan gebruik - God s'n of die mense s'n. Paulus gee vir ons die versekering dat God se wapens, gebed, geloof, hoop, liefde en die Woord van God, magtig en effektief is. As ons 'n einde wil maak aan die hoogmoed wat ons verhouding met Christus benadeel, dan is ons soms in die versoeking om dit op ons eie manier te doen. Maar ons moet onthou dat God se magtige wapens enige struikelblok of hindernis uit die weg kan ruim - Sy wapens is die enigste wat dit effektief kan doen.

9 September 2021

2 Korintiërs 11:1-15

Oordenking: Ware en valse Apostelskap. (2 Korintiërs 11:7)

Die Korintiërs het gemeen dat predikers beoordeel kon word aan die hoeveelheid geld wat hulle gevra het. 'n Goeie spreker sou 'n groot bedrag vra, 'n redelike spreker effens minder, en 'n swak spreker sou sommer verniet praat. Die valse predikers het geredeneer dat Paulus sommer 'n amateur is, iemand wat sonder enige gesag praat, omdat hy nie geld gevra het om te preek nie. Gelowiges moet daarteen waak om te dink dat bekende sprekers wat groot bedrae geld vra om op te tree, waardevolle boodskappe het om oor te dra. Moenie deur uiterlike voorkoms om die bos gelei word nie. Ons indrukke is nie 'n betroubare maatstaf van wie 'n opregte volgelinge van Christus is, en wie nie. Dit sal jou help om die volgende vrae te vra: (1) Bevestig die dinge wat hulle leer, die Skrif? (2) Verkondig en bevestig die predikers dat Jesus Christus God is wat as 'n mens aarde toe gekom het om die mensdom van sonde te verlos? (3) Leef hulle volgens die norme wat in die Bybel gestel word?

10 September 2021

2 Korintiërs 11:16-33

Oordenking: Paulus bevestig sy Apostelskap. (2 Korintiërs 11:23-29)

Paulus was ontsteld omdat die Korintiërs deur valse leermeesters beïndruk en mislei is. Hy moes sy geloofwaardigheid en gesag herstel deur op te noem wat hy al alles in diens van Christus moes ontbeer. Uit hierdie ontberinge is dit duidelik dat hy sy lewe vir die evangelie opgeoffer het - en dit is iets wat die valse leermeesters nooit sou doen nie. Die ontberinge wat jy al vir Christus moes deurmaak, het jou karakter gebou, jou geloof getoon en jou daarop voorberei om vir die Here te werk.

11 September 2021

2 Korintiërs 12:1-10

Oordenking: God se genade is genoeg. (2 Korintiërs 12:9)

Hoewel God nie Paulus se omstandighede verander het nie, het Hy beloof om Sy krag deur Paulus te toon. Ons moet bemoedig word deur die feit dat God se krag in swak mense geopenbaar word. As ons die vermoë en hulpbronne het, is ons geneig om God se werk op ons eie te doen, en dit kan tot hoogmoed lei. Ons moet op God vertrou om ons te laat slaag en nie op ons eie krag, pogings of talente nie. Ons Christelike karakter word nie net deur ons swakheid versterk nie - deur ons swakheid verdiep ons aanbidding ook. Want as ons erken dat ons swak is, bevestig ons God se krag. As ons swak is en God toelaat om ons met Sy krag te vul, is ons sterker as wat ons ooit op ons eie sou kon wees. Ons moet op God vertrou, want slegs deur Sy krag kan ons effektief vir Hom werk en vir Hom dinge met ewigheids waarde doen.

12 September 2021

2 Korintiërs 12:11-21

Oordenking: Leef anders as die wêreld. (2 Korintiërs 12:20, 21)

As 'n mens na hierdie lys van sondes kyk, kan jy skaars glo dat Paulus van dieselfde mense praat as dié waarna hy verwys met: "... dat dit julle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek nie..." (1 Korintiërs 1:7). Hy was bang dat die slegte gebruike van Korinte 'n houvas in die kerk gekry het en hy het hom sterk uitgespreek in die hoop dat hulle hul lewens sou regruk voordat hy daar aankom. Ons moet anders as die ongelowiges leef en nie toelaat dat die wêreldse gemeenskap vir ons voorskryf hoe ons ander mense moet behandel nie.

13 September 2021

2 Korintiërs 13:1-13

Oordenking: Paulus se slotvermanings. (2 Korintiërs 13:11)

Paulus se laaste woorde - die dinge wat hy wou hê dat die Korintiërs moes onthou ten opsigte van die behoeftes in hulle kerk - geld vandag nog vir ons. As daardie eienskappe nie aanwesig is nie, dan het die kerk probleme en moet hy daarvan werk maak. Daardie eienskappe word ook nie deel van 'n kerk wat probleme, konflik en moeilikhede slegs oppervlakkig probeer oplos nie. Hulle word ook nie voortgebring deur verwaarlosing, verloëning, afsydigheid of bitterheid nie. Hierdie eienskappe word slegs verkry as daar baie hard aan die oplossing vir probleme gewerk word. Paulus en die Korintiërs het vrede gekry deur hard aan hulle probleme te werk. Net so moet ons ook aan die beginsels in God se Woord gehoorsaam wees en hulle nie net hoor nie.

14 September 2021

Galasiërs 1:1-24

Oordenking: Daar is geen ander evangelie nie. (Galasiërs 1:6, 7)

Sommige mense wou die gelowiges uit heidennasies oortuig dat hulle die Joodse wet moes nakom om gered te word - dit was die sogenaamde "ander pad" na die hemel. Hierdie mense het geglo dat geloof in Christus nie genoeg is nie; dat 'n Christen ook die Joodse tradisies en wet moes nakom om verlos te word. Hulle het veral die reëls ten opsigte van die besnydenis beklemtoon. Hierdie boodskap het die waarheid wat daar in die Goeie Nuus is, naamlik dat ons verlossing 'n geskenk is en nie 'n beloning nie, ondermyn. Deur Jesus Christus het alle mense - nie net dié van Joodse afkoms nie - toegang tot hierdie gawe. Wees versigtig vir mense wat sê dat meer as net geloof in Christus nodig is vir verlossing. As mense bykomende eise vir verlossing stel, ontken hulle die krag van Christus se verlossingswerk aan die kruis.

15 September 2021

Galasiërs 2:1-14

Oordenking: Paulus wys vir Petrus tereg. (Galasiërs 2:11)

'n Sekere groep het Paulus daarvan beskuldig dat hy die evangelie verwater het sodat die nie-Jode dit makliker kon aanvaar. Hy het hulle weer daarvan beskuldig dat hulle die waarheid van die evangelie ondermyn omdat hulle bykomende eise daarvoor gestel het. Dit het dus hier om die grondslag van die verlossing gegaan: word ons deur Christus alleen verlos, of deur Christus en wetsonderhouding? Die argument is op die spits gedryf toe Petrus, Paulus, lede van die groep en 'n aantal nie-Joodse Christene in Antiogië saam was. Petrus het waarskynlik gedink dat hy die eenheid kon bevorder deur hom afsydig te hou van die nie-Joodse Christene - want hy wou nie vir Jakobus se vriende aanstoot gee nie. Maar volgens Paulus was dit 'n skending van die evangelie. Deur hom by die groep ten gunste van die besnydenis te skaar, het Petrus hulle siening gesteun dat Christus alleen nie ons verlossing kan bewerkstellig nie. In ons verhouding met ander mense moet ons dikwels sake skik - maar ons mag nooit kompromieë aangaan ten opsigte van die waarheid van God se Woord nie. As ons voel dat ons ons Christelike oortuigings moet verander om by ander mense aan te pas, beweeg ons op baie dun ys.

16 September 2021

Galasiërs 2:15-3:9

Oordenking: Die ware kinders van Abraham. (Galasiërs 3:6-9)

Die voorstanders van die besnydenis se hoofargument was dat nie-Jode eers Jode moes word voordat hulle Christene kon word. Paulus het bewys dat hulle argument nie grondig was nie, deur aan te toon dat diegene wat glo die ware kinders van Abraham is - nie diegene wat die wet onderhou nie. Abraham is self op grond van sy geloof vrygespreek. Alle gelowiges van alle tye en alle volke het deel aan Abraham se seën. Dit is 'n gerusstellende belofte, 'n wonderlike nalatenskap en 'n rotsvaste fondament vir die lewe.

17 September 2021

Galasiërs 3:10-29

Oordenking: Geloof en die wet. (Galasiërs 3:10-22)

Paulus sê dat Jesus die wet vervul het. Jesus het 'n nuwe orde ingestel - die Koninkryk van God. Die voorstanders van die besnydenis het nie die wet en die vergifnis ten volle verstaan nie, want hulle het die wet beskou as 'n manier waarop 'n mens God se guns kon wen. Ons moet die wet egter sien as 'n reaksie op ons verhouding met God, nie as 'n losstaande kode wat gevolg moet word om God se guns te wen nie. Die wet moet uit geloof voortvloei, dit moet nie as 'n voorvereiste vir geloof beskou word nie. Net so is die regte lewe ook nie 'n vereiste vir geloof nie, maar 'n gevolg van die geloof. As ons begrip het vir die vernuwende krag van die geloof, dan sal ons graag só wil leef dat daardie vernuwing in ons lewens sigbaar is.

18 September 2021

Galasiërs 4:1-31

Oordenking: Ons is erfename van God. (Galasiërs 4:5-7)

'n Aangenome seun het, volgens die Romeinse reg, dieselfde regte as die biologiese kinders op die vader se boedel gehad. Hy is nie as 'n "tweedeklaskind" beskou nie - hy was die gelyke van al die ander seuns, of hulle nou biologiese of aangenome kinders was. Ons is God se aangenome kinders en geniet dieselfde regte as Jesus. Ons het, net soos Hy, toegang tot al God se hulpbronne. Ons is erfename van God en ons kan aanspraak maak op die dinge wat Hy vir ons gegee het - ons kan aanspraak maak op ons identiteit as kinders van God.

19 September 2021

Galasiërs 5:1-12

Oordenking: Vry van die slawerny van sonde. (Galasiërs 5:1)

Paulus onderskei tussen vryheid om sonde te doen en vryheid om mekaar te dien. Om vry te wees om sonde te doen, is geen vryheid nie, want ons word daardeur slawe van die Satan, van ander, en van ons eie bose begeertes. As 'n mens 'n slaaf van die sonde is, is jy nie vry om 'n regverdige lewe te lei nie. Daarteenoor moet Christene nie slawe van die sonde wees nie, want hulle is vry om die regte dinge te doen en God met die hulp van die Heilige Gees deur hulle optrede te verheerlik.

20 September 2021

Galasiërs 5:13-26

Oordenking: Die stryd tussen die Gees en ons sondige natuur. (Galasiërs 5:17)

Paulus beskryf hier die twee magte wat in ons werk - die Heilige Gees en ons eie sondige natuur. Hy sê nie dat die twee magte ewe sterk is nie. Die Heilige Gees is baie sterker, maar ons is swak. As ons aan ons sondige natuur oorgelaat word, sal ons verkeerd kies. Daar is net een manier waarop ons vry gemaak kan word van ons natuurlike en slegte begeertes. Dit is deur die verlossingswerk van Christus en die krag van die Heilige Gees.

21 September 2021

Galasiërs 6:1-18

Oordenking: Ons sal oes wat ons saai. (Galasiërs 6:7, 8)

Jy sal verbaas wees as jy mielies plant en daar kom pampoene op, nie waar nie? Maar dit sal waarskynlik nie 'n verrassing wees as jy oor jou vriende begin skinder, en kort voor lank sonder enige vriende sit nie. Dit is op geestelike en liggaamlike vlak 'n wet van die lewe dat 'n mens oes wat jy gesaai het. Elke daad het gevolge. As u só plant dat jy jou eie begeertes bevredig, dan sal jou oes een van boosheid en droefheid wees. As jy tot eer van God plant, sal jou oes een van ewige vreugde en die ewige lewe wees. Watter soort saad plant jy in die akker van jou lewe?

22 September 2021

Efesiërs 1:1-23

Oordenking: Verlossing en vergifnis. (Efesiërs 1:7)

In die eerste eeu het mense dikwels na Christus se dood verwys deur van Sy bloed te praat. Sy dood dui op twee wonderlike waarhede - verlossing en vergifnis. Slawe is verlos of vry gemaak deurdat 'n prys betaal is om hulle af te koop. Jesus het met Sy dood die prys betaal om ons, wat slawe van die sonde was, vry te maak, af te koop. In die Ou Testament het mense vergifnis ontvang deur die bloed van 'n offerdier. Nou word ons genadiglik deur God vergewe omdat Jesus Sy bloed vir ons gegee het toe Hy as volmaakte en finale offer vir ons sondes gesterf het. Genade is 'n vrywillige en liefdevolle guns van God aan diegene wat Hy red. Ons kan dit nie verdien, of daarvoor werk nie. Geen godsdienstige of morele werk kan vir ons enige aanspraak daarop gee nie. Nee, dit kom slegs deur die genade en liefde van God en Hy het dit bewys deur die dood en opstanding van Sy Seun. Só is ons gered.

23 September 2021

Efesiërs 2:1-22

Oordenking: Verlossing is 'n gratis geskenk. (Efesiërs 2:8-10)

Die feit dat ons Christene word, is die gevolg van God se gratis geskenk aan ons - nie die gevolg van enige pogings, vermoëns, 'n intelligente keuse of naastediens aan ons kant nie. Maar uit dank vir hierdie gratis geskenk sal ons ander nou probeer help en dien in 'n gesindheid van liefde. Uit dank sal ons nie net onself tevrede probeer stel nie. Hoewel daar niks is wat ons kan doen om ons verlossing te bewerkstellig nie, wil God hê dat ons verlossing tot diensbaarheid sal lei. Ons word nie net om ons eie ontwil gered nie, maar ook om Sy ontwil - sodat ons Hom kan verheerlik en die kerk kan opbou.

24 September 2021

Efesiërs 3:1-21

Oordenking: Paulus bid vir die Efesiërs. (Efesiërs 3:14, 21)

Almal wat in die verlede in God geglo het, almal wat nou in Hom glo, en almal wat in die toekoms in Hom gaan glo, is deel van die groot familie van God. Ons is een familie, want ons het dieselfde Vader. Hy is die oorsprong van die skepping, die regmatige Eienaar van alles. God belowe dat Sy familie, die kerk, Sy liefde en krag sal hê. As ons Sy seën wil ontvang, dan moet ons in gemeenskap met die ander gelowiges binne die liggaam van Christus leef. Mense wat hulleself van God se familie afsny en probeer om alleen te staan, maak hulleself los van die belangrikste instrument waardeur God werk.

25 September 2021

Efesiërs 4:1-16

Oordenking: Ons is een liggaam in Christus. (Efesiërs 4:1-6)

Paulus sê dat ons almal lede van één liggaam is, maar dat ons baie vermoëns en gawes ontvang het. Eenheid ontstaan nie sommer vanself nie - ons moet daaraan werk. Onderlinge verskille kan dikwels tot verdeeldheid lei, maar dit hoef nie in die kerk te gebeur nie. Ons moenie konsentreer op die dinge wat ons kan verdeel nie, maar op die dinge wat ons verenig - een liggaam, een Gees, een toekoms, een Here, een geloof, een doop, een God! Het jy al geleer om mense wat anders as jy is, te waardeer? Kan jy insien dat hulle verskillende gawes en standpunte die kerk kan help soos dit ook die werk van God kan help? Jy moet leer om vreugde te put uit die manier waarop die verskillende lede van Christus se liggaam mekaar aanvul.

26 September 2021

Efesiërs 4:17-32

Oordenking: Christene is anders. (Efesiërs 4:17-24)

Daar moet 'n sigbare verskil tussen die lewens van Christene en nie-Christene wees. Paulus sê vir die Efesiërs om hulle ou sondige lewe agter te laat noudat hulle volgelinge van Christus geword het. Die Christelike lewe is 'n proses. Ons sal nie outomaties geheel en al nuwe gedagtes en gesindhede hê as ons nuwe mense in Christus word nie. Maar ons sal tog voortdurend verander as ons aanhou om na God te luister. As jy oor die laaste jaar terugkyk, sien jy dan 'n verandering - ten goede - ten opsigte van jou gedagtes, gesindhede en optrede? Daar vind altyd verandering plaas as jy op God vertrou om jou te laat verander - al is dit soms 'n stadige proses.

27 September 2021

Efesiërs 5:1-33

Oordenking: Wees aan mekaar onderdanig. (Efesiërs 5:21, 22)

Onderdanigheid is 'n woord wat dikwels misbruik word. Dit beteken nie dat 'n mens iemand se vloer mat moet word nie. Christus, die Een voor wie "elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig" (Filippense 2:10), het Sy wil aan dié van die Vader onderwerp. En ons verheerlik Christus deur Sy voorbeeld te volg. As ons aan God onderdanig is, sal ons ook meer gewillig wees om Sy gebod te gehoorsaam en ook aan ander mense onderdanig te wees. Dit beteken dat ons ons regte ondergeskik sal stel aan hulle s'n. Sowel man as vrou word aangesê om in die huwelik onderdanig te wees, want albei moet hulle eie belange opsy skuif en eerste na die belange van hulle maat omsien. Hierdie wedersydse onderdanigheid lei tot orde en vrede in die gesin, en dwing respek en liefde by die ander gesinslede af.

28 September 2021

Efesiërs 6:1-24

Oordenking: Die volle wapenrusting van God. (Efesiërs 6:10-17)

Ons kom in ons Christelike lewe teen kragtige bese magte te staan. Aan die hoof van hierdie magte staan die satan, 'n verwoede vegter. As ons sy aanslae wil weerstaan, moet ons op God se krag staatmaak en elke moontlike deel van Sy wapenrusting gebruik. Hierdie raad van Paulus is gerig aan alle individue binne die kerk. Die hele liggaam moet gewapen wees. Gaan hierdie stryd "teen die bese magte van hierdie sondige wêreld, teen die bese geeste in die lug" tegemoet met die krag wat die Heilige Gees aan die kerk gee.

29 September 2021

Filippense 1:1-30

Oordenking: God sal Sy werk voltooi. (Filippense 1:6)

God wat met Sy goeie werk in ons begin het, sal dwarsdeur ons lewens daarmee voortgaan en dit afhandel wanneer ons uiteindelik voor Hom te staan kom. God se werk in ons het begin toe Jesus vir ons sondes aan die kruis gesterf het. Sy werk in ons begin wanneer die Heilige Gees in ons lewens kom woon, en ons in staat stel om elke dag meer en meer soos Christus te word. Paulus beskryf hier die proses waardeur 'n Christen groei en volwasse word. Dit begin op die dag wat ons Jesus aanneem, en hou aan totdat Hy terugkeer. Voel dit soms vir jou asof daar geen vordering in jou geestelike lewe is of ooit sal wees nie? As God met iets begin, voer Hy dit deur! Glo dat Hy Sy beloftes sal nakom.

30 September 2021

Filippense 2:1-18

Oordenking: Christus - ons voorbeeld. (Filippense 2:1-5)

Daar is baie mense, selfs Christene, wat net leef om 'n goeie indruk op ander te maak, of hulleself tevrede te stel. So 'n lewe is net op die "eie ek" ingestel. Die saad van onenigheid word gesaai as mense net oor hulleself begaan is. Daarom lê Paulus soveel klem op geestelike eenheid en daarom vra hy die Filippense om mekaar lief te hê en "een van hart, een in strewe" te wees. As ons saamwerk en oor ander se probleme net so begaan is as oor ons eie, leef ons volgens Christus se voorbeeld - want Hy het ander altyd eerste gestel. Dit bring eensgesindheid. Moenie so begaan wees oor die indruk wat jy maak of oor jou eie belange dat dit verhoudinge met die ander lede van God se familie benadeel nie. Laat die Gees van God deur jou werk, en ander gelowiges na Hom toe aantrek.